40 days

# UNBROKEN

FELLOWSHIP WITH THE FATHER

## DAG 8: HEERLIKHEID GEDEEL, NIE NET GEWYS NIE

**Skrif:**
Johannes 17:22-23 NLV
"Ek het aan hulle die heerlikheid gegee wat U aan My gegee het, sodat hulle een kan wees soos ons een is. Ek is in hulle en U is in My. Mag hulle volmaakte eenheid ervaar, sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en dat U hulle liefhet net soos U My liefhet."

**Waarneming:**
Jesus het ons nie net gered nie – Hy het Sy heerlikheid met ons gedeel. Dit beteken identiteit, intimiteit en erfenis. Redding is nie net 'n 'van ver af' gebaar nie; dit is 'n tuiskoms in die Goddelike lewe.

**Toepassing:**
In plaas daarvan om te probeer my waarde verdien, sal ek die heerlikheid ontvang wat Jesus gee. Ek sal leef as iemand wat reeds ingesluit is – nie om nader te kom nie, maar om te groei vanuit waar ek reeds is naamlik sy teenwoordigheid in my.

**Gebed:**
Vader, dankie dat ek nie U teenwoordigheid hoef te verdien nie. Ek leef elke dag met 'n bewustheid van U teenwoordigheid in my.